



Sê 'nee' op dié dag vir vroue

Internasionale Vrouedag word Dinsdag herdenk. Dis 'n geleentheid, skryf Juliana Claassens, om die volle spektrum van die gemeenskap raak te sien.



Die ander dag kyk ek saam met my dogter na 'n episode van die Amerikaanse musiek-komediedrama *Glee*.

Dit was 'n episode uit die eerste reeks, waarin ons die lede van die sangklub ontmoet – 'n vreemde klomp hoërskoolkinders wat nie lekker inpas nie; randfigure, rasielers, voetballers van verskillende genders, etnisiteit, seksuele oriëntasie en 'n ou in 'n rolstoel, almal aange-trek soos die karakters uit Lady Gaga se musiekvideo's.

Terwyl ek so lekker saam met my dogter kyk na die kunstige dans en die mooi musiek dink ek by myself wat 'n wonderlike manier is hierdie episode nie om die belangrikheid van 'n queer-blik te verduidelik nie. Hoe om vaste strukture wat oënskynlik in klip gegiet is in die Bybelse teks en in die samelewing te bevraagteken en uit te daag in terme van geslagsidentiteit, etnisiteit, seksuele oriëntasie en gestremdheid. En om dit te doen sodat, soos Sean Burke dit so mooi stel, "meer mense saak maak – vir meer liggame om as volwaardige mense erken te word".

Kompleksiteit

'n Queer-lens hou verband met seksuele identiteit, maar soos Sara Ahmed in haar boek *Queer Phenomenology* verduidelik, hou dit ook duidelike implikasies in vir ander mense wat as *bodies out of place* gekarakteriseer kan word weens hul gender, ras, klas en fisieke en verstandelike gestremdheid.

Te midde van velerlei gesprekke die afgelope tyd oor queer-identiteit op sosiale media wonder ek of die eintlike krisis nie is dat ons sukkel om kompleksiteit en dubbelsinnigheid te hanteer nie. Dis nou wanneer dit kom by hoe ons Bybelse tekste lees, maar ook hoe ons dink en optree teenoor mense wat in alle vorms, skakerings en identiteite kom.

Ek dink toe weer aan 'n wonderlike toneel in een van die ver-hale wat ek gebruik het in my boek *Writing and Reading to Survive*, wat poeg om Bybelse en kontemporêre trauma-narratie-



Die groep akteurs wat te sien is in die reeks *Glee*, waarin uiteenlopende en komplekse karakters uitgebeeld word.

we in gesprek te bring.


'Die lug is blou!'

In *Milkman*, geskryf deur Anna Burns, waag die Noord-Ierse hoofkarakter, wat ook die verteller van die verhaal is en

wat vertel van haar ervaring van agtervolging, om 'n Franse klas te neem. Daar word sy aan vreemde idees blootgestel deur die instrukteur wat self as verdag beskou word.

Wanneer sy vir die klas voorlees oor 'n sonsondergang wat die lug in allerhande kleure verander, daag die klas haar uit en beweer met alle sekerheid: "Le Ciel est bleu! ("Die lug is blou!") Vir die studente is geen ander kleur moontlik nie.

Die instrukteur neem hulle egter om 'n sonsondergang te sien en hou aan totdat hulle werklik die briljante kleure sien meng,



vorm aanneem en verander: "... 'n mengsel van pienk en suurlemoen met 'n gloed van pers daaragter... Goud wat bokant die pers... beweeg na 'n strook silwer... verder pienk... meer lila... 'n turkoois wat wolke – wat nie wit is nie – uit sy pad druk."

Om hierdie manjifieke kleure in al sy skakerings te sien is uiters belangrik. Deur vir hierdie kinders 'n veelvoud van kleure te wys waar daar vir geslag op geslag, eeue en millennia heen slegs blou was, word nuwe perspektiewe ontsluit vir die verteller en ook die gemeenskap waar in sy haar bevind.

Dit help haar om nuut te kyk na die traumatiese situasie waar in sy vasgekeer is.

Wees wie jy is

In my reis as dosent in Ou Testament en navorser oor die Bybelse profete wat nou vir die *Old Testament Library*-reeks (Westminster John Knox) 'n kommentaar oor Jona moet skryf – geles deur 'n trauma-lens wat gender-, postkoloniale, en queer-perspektiewe insluit, is die tema van

dubbelsinnigheid en kompleksiteit sentraal. Nie net wanneer dit kom by die lees van die Bybel nie, maar ook in hoe ons daardie individue om ons sien wat nie inpas in die norme wat deur die samelewing bepaal word nie.

Terug na *Glee*: Dit is tog spesiaal om daardie aand vir my negejarige dogter te verduidelik hoe hierdie vreemde groep hoërskoolleerlinge, met hul vreemde uitrustings, iets besef van die waarde daarvan om as swart, Asiatiese, wit, man, vrou en gay, in 'n rolstoel, cool en nie so nie cool nie saam in 'n vreemde, of mens kan sê 'n *queer*-groep, te vorm.

Deur die loop van die episode kom die spelers, wat almal individueel aan afknouery en geweld onderwerp is, tot die insig dat dit oukei is om te wees wie jy is.

En saam kan hierdie vreemde groep met hul vreemde uitrustings saamstaan teen enigiemand wat weier om hulle (maar ook ons) wat nie inpas nie ruimte te gee om te wees wie hulle (en ons) is.

Weg met die vooroordeel

Dinsdag herdenk ons Internasio-

nale Vrouedag. Hierdie jaar is die tema "#BreakThe Bias" met mense wat genooi word om foto's te deel van hul hande oorkruis in 'n simboliese daad waarin hulle "Nee" sê vir al daardie vooroordele wat ons vreugde steel.

"Nee" vir vooroordeel omdat 'n mens deel is van die LGBTIQ-gemeenskap.

"Nee" vir vooroordeel teenoor vroue wat alte maklik 'n teiken vir mans se aggressie is.

"Nee" vir vooroordeel teen mense van ander rasse wat sukkel om in 'n see van witheid in te pas.

"Nee" vir vooroordeel teen diegene wat uitgedaag word in terme van gestremdheid.

Queering gaan oor ons almal. *Queering* beteken dat ons hierdie Kairos-oomblik ('n oomblik van waarheid) omhels en kies om 'n kerk en 'n samelewing te wees waar ons met vriendelikeheid leef, met liefde en respek vir almal wat nie soos ons lyk, soos ons dink, of soos ons optree nie.

■ **Claassens is 'n professor in Ou Testament en hoof van die Gedeenteheid in die fakulteit teologie by die Universiteit Stellenbosch.**

